Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Gavin de Bruyn/Tamaryn Petersen**
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Gavin.DeBruyn@westerncape.gov.za | 021 900 5053
Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za | 021 900 5062

Lêerno.: 23/2/7/2
Verwysing: 20221208-9780

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0002/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Inklusiewe Gespesialiseerde Leerderopvoedingsondersteuning, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

**Onderwerp: Finansiële bystand vir opvoeders wat gedurende die 2023-akademiese jaar nagraadse studies wil doen**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), in samewerking met die Onderwys-, Opleidings- en Ontwikkelingspraktyke Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (OOOP SOOO (*ETDP SETA*)), wil graag 'n uitnodiging rig aan skool- en kantoorgebaseerde opvoeders om aansoek te doen vir eenmalige finansiële bystand wat vir nagraadse studies in opvoedkunde beskikbaar is.

2. Die eenmalige finansiële bystand is slegs van toepassing op studies wat in die 2023-akademiese jaar onderneem word.

3. Eenmalige finansiële bystand sal vir die volgende programme beskikbaar gemaak word:

| | **Nagraadse program** | **NKR-vlak** | **Waarde van finansiële bystand** |
|---|---|---|---|
| i | Nagraadse Onderwysdiploma | 8 | R25 000 |
| ii | BEd Honneurs | 8 | R30 000 |
| iii | Meestersgraad in Onderwys/MPhil (onderwysverwant) | 9 | R25 000 |
| iv | Doktorsgraad in Opvoedkunde/PhD | 10 | R30 000 |

4. Opvoeders wat aan die volgende vereistes voldoen, kan vir die eenmalige finansiële bystand aansoek doen:

   (i) Moet **permanent** in diens wees van die WKOD.
   (ii) Mag **nie** by enige ander universiteit geregistreer wees ten tyde van die indien van die aansoek of registrasie **nie**.

5. Elke beurs wat toegeken word, sal in ooreenstemming wees met die bedrag wat in paragraaf 3 uiteengesit is, en die OOOP SOOO (*ETDP SETA*) sal betalings direk aan die betrokke hoëronderwysinstelling (HOI) maak.

6. Waar van toepassing, is dit die suksesvolle aansoekers se verantwoordelikheid om die koste van hul leerondersteuningsmateriaal te dek.

7. Opvoeders wat vir eenmalige finansiële bystand oorweeg wil word, moet Bylae A (Aansoekvorm) en Bylae B (Ooreenkomsvorm) wat by hierdie dokument aangeheg is, voltooi en beide **teen 16 Februarie 2023** by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut indien.

8. Aansoeke moet aanlyn via die volgende skakel ingedien word:
   https://forms.gle/2JFpBUFuWsPMTzDL6

9. Aangesien onvolledige aansoeke gediskwalifiseer sal word, moet Bylae C noukeurig gevolg word, want dit bevat 'n stapsgewyse gids wat met die oplaai van die stawende dokumentasie sal help.

10. Alle navrae moet aan die volgende e-posadres gerig word: **ctlibursaries@wced.info**

11. **Let op die volgende:**
    - **Geen aansoeke wat met die hand afgelewer word, sal aanvaar word nie.**
    - **Onvoltooide of onleesbare aansoeke sal nie oorweeg word nie.**
    - **Aansoeke per faks word nie aanvaar nie.**

12. Aansoeke wat ná die sluitingsdatum van 16 Februarie 2023 ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

13. **Die volgende dokumentasie moet deur die aansoeker onderteken en dan ingedien word: Gewaarmerkte afskrifte** (nie ouer as drie maande nie) van:

    (i) bewys van aanvaarding deur die HOI vir die 2023-akademiese jaar
    (ii) bewys van registrasie vir die 2023-akademiese jaar
    (iii) rekeningstaat (studentegeldrekening)
    (iv) hoogste kwalifikasie
    (v) akademiese rekord
    (vi) identiteitsdokument.

14. Deur die ooreenkomsvorm (Bylae B) te voltooi, gaan suksesvolle aansoekers 'n formele ooreenkoms met die WKOD aan om 'n jaar diens te lewer vir elke jaar waarvoor eenmalige finansiële bystand toegeken word, en aan die ander bepalings wat in hierdie ooreenkoms uiteengesit is, te voldoen.

15. Maak asseblief seker dat die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders gebring word.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-02-07